# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Sit 'n papierbord in die middel van die groep neer. Vat 'n buisie tandepasta en druk 'n streep tandepasta op die bord uit. Vra vir die jongmense wie wil probeer om die tandepasta terug in die buisie te kry.

Gesels saam:

- Het jy al ooit gesien dat iemand iets probeer regmaak of wegsteek het, wat die situasie eintlik 'n groter gemors gemaak het? Deel dit met die groep.

Vandag gesels ons oor die bekende verhaal van Adam en Eva in die tuin van Eden. 'n Verhaal waar die mense 'n fout gemaak en dit probeer wegsteek het. Ten spyte van die mense se fout, is God steeds lief vir mense en bring Hy herstel waar ons dinge stukkend maak.

## WONDER

Voordat julle saam uit die Bybel lees, laat almal eers raai of die volgende woorde in die verhaal voorkom of nie:

- sonde
- appel
- kwaad
- duiwel

Lees Genesis 3:1-24 saam.

Gesels saam:

- Watter van die bogenoemde woorde kom wel in die teksgedeelte voor? (net "kwaad")
- Hoe dink julle het Adam en Eva gevoel nadat hulle van die vrugte geëet het en gehoor het God roep hulle?
- Hoekom dink julle is dit vir baie mense so moeilik om te erken wanneer hulle foute maak?
- Ons lees in Genesis 3:16-23 van die implikasies van Adam en Eva se besluit. Die aarde is daardeur vervloek en swaarkry is die mense se voorland. God stuur hulle uit die tuin, maar Hy begin ook met 'n herstelplan. Hoekom doen God dit?
- Wat leer julle uit die verhaal oor ons eie foute en sonde?

## WEES

Kyk die video "Tree of life" deur BibleProject saam: **https://bibleproject.com/videos/tree-of-life/**.

Gesels saam:

- Wat tref julle in die video oor die twee bome?
- Hoe kan ons dit regkry om deel te wees van die hoop waarvan die video praat?

## WEGSTUUR

Besluit as groep watter verhouding julle die week wil help herstel deur iets kleins te doen. Voorbeelde:

- Maak elke dag tyd om te bid en vir God jammer te sê vir enige foute wat jy gemaak het.
- Sê vir iemand jammer wat jy dalk seergemaak het, of vergewe iemand wat jou seergemaak het.
- Skryf vir jouself 'n motiveringsbrief.